



“WIE IS ONS LOCALS WHO ARE OUR LOCALS”



VISSER, LIZA

WWW.QUOTIFY.CO.ZA

VOL 1



PASTEL KURSUSSE - UIT NOOD GEBORE!

Zelna Naude Heilbron, Vrystaat

Dit is die jaar 2012 en ek is besig om die korporatiewe leer te klim – min wetende wat om die volgende draai wag – "retrenchment"!!!

Wat 'n skok! Skielik geen inkomste meer nie met 'n seun in Gr 11 en 'n dogter tweedejaar op universiteit. Maar – nood leer bid! En so kom Sage Pastel oor my pad.

Ek was my lewe lank nog lief vir boekhou en het Pastel in verskillende werke gebruik maar nooit geweet mens kan by hulle registreer as "trainer" nie. Soos ek sê – nood het leer bid – en ek het my opleiding as "trainer" begin.

**“NOOD HET LEER BID – EN
EK HET MY OPLEIDING AS
“TRAINER” BEGIN “**

Vyf kursusse en daarna nog 'n hele week by Pastel se Hoofkantoor in Johannesburg en ek kon sê: "Ek is 'n geregistreerde Sage Pastel Onsite Trainer". Aanvanklik het ek net een-tot-een kursusse aangebied, maar dit is geweldig duur vir die leerder (en vat baie van my tyd). Daarby maak afstand dit ook moeilik aangesien ek op 'n klein plattelandse dorpie – Heilbron – in die Vrystaat bly.

Later het ek begin om die Pastel handleidings as selfstudie geleentheid te bemark sodat dit meer bekostigbaar vir die gewone man op straat kan wees en meer mense bereik kan word – want my hoofdoel is nie om geld te maak nie, maar om mense te bemagtig met 'n SETA geakkrediteerde sertifikaat wat goed lyk op hulle CV en waarmee hulle kan aansoek doen vir gesogte poste wat Pastel vereis!

So het my besigheid van krag tot krag gegaan en nadat ek met Quotify se Liza kennis gemaak het, het my logo ook sommer 'n gedaanteverwisseling ondergaan.

Ek wil een en almal wat hier lees aanmoedig om 'n kursus te doen – enige kursus (maar 'n Pastel kursus is natuurlik die beste ☺), nee ernstig – KENNIS IS MAG! So bemagtig jouself vandag nog deur een of ander kursus te doen, want kennis kan ook nooit van jou weggeneem word nie!

**Niemand is ooit te
oud om te leer nie.**

